# Die rippelende gety van bitterheid

– die gevolge en die teenmiddel

*Hierdie was die eerste artikel wat ek geskryf het net nadat my plaas in Zimbabwe gekonfiskeer was. Die artikel was deur die media raakgesien en toe wêreld wyd gepubliseer. Ons het boodskappe van gelowiges in baie dele van die wêreld ontvang om ons te verseker dat hulle vir ons bid – en ons het inderdaad hul gebede aangevoel. Dit was asof ons op engele se vlerke gedra is. Op daardie stadium het ons nog geen idee gehad wat die toekoms vir ons inhou nie. Die volledige storie het ek later in my boek, Nog 'n plaas in Afrika, geskryf. Nietemin, hierdie is hoe die verhaal van God se wonderbaarlike ingryping in ons lewens begin het.*

"My plaas is gevat!" Daardie sin is byna net so skrikwekkend soos die woord "kanker". Op Dinsdag 24 April, 2012, terwyl ek kuilvoer gesny het, het vier luukse motors in my oprit opgejaag en ongeveer twintig fris swartmans, met 'n donker wolk van woede en broeiende haat, het uitgespring. Ek het na hulle gestap en vriendelik gegroet en het gemompelde reaksies ontvang. Die leier wat die grondkommissaris was, het begin. "Jy is bewus daarvan dat die regering alle grond besit en dat jy nou onwettig op hierdie plaas bly." "O," het ek geantwoord. "Wel," het hy voortgegaan, "Daar is 'n nuwe eienaar wat ons hierheen gaan bring om aan jou voor te stel."

Hy het gevra of daar ‘n plek was waar ons dit kon sit en bespreek, en toe almal hulle eers op ons stoepstoele uitgestrek het, het die intimidasie begin. “Ons verwag dat jy met die nuwe eienaar sal saamwerk. Ons wil hê dat die oorgang glad moet verloop.” ‘n Besondere groot karakter het sy deel bygedra, diepe haat wat uit sy gesig straal, “As jy nie saamwerk nie, sal ons ons manne stuur en jy sal sonder enige iets weggejaag word – selfs sonder jou klere. Jy sal niks saam met jou vat nie.”

**Twee ure**

'n Ander man het my toe gevra, “Weet jy wie ek is?” Ek het geantwoord dat ek nie geweet het nie. Hy het gesê, “Ek is Mnr. *** en ek kan mense binne twee ure van hulle plase afkry!” Hy het twee vingers opgehou en met ywer beklemtoon, “TWEE URE!”

Tot op daardie punt was ek taamlik stil gewees, maar toe antwoord ek hom saggies, “Mnr. ***, daar is iets wat ek vir jou wil sê.” “Wat is dit?” het hy gebrom. Met ‘n vinger wat na hom wys, het ek gesê, “Ek vrees jou nie, ek vrees net vir God. Ek en jy sal albei eendag tot sterwe kom, en ons sal in ons eie skoene voor God staan en verantwoording doen vir wat ons in hierdie lewe gedoen het – jy vir jou dade en ek vir my reaksie daarop.” Dit het hom blykbaar geruk.

Met baie ander dreigemente is hulle net so vinnig daar weg soos wat hulle gekom het, met die belofte dat hulle daardie middag sou terug wees om die nuwe “eienaar” aan my voor te stel.

Toe hulle daardie middag terugkeer, was daar minder van hulle en net twee karre en ek het intussen tyd gehad

om my kalmte te herwin. Die jong man, Philemon, het my gevra hoeveel tyd ek nodig gehad het om die plaas te ontruim en ek het gesê, “Ses maande sal ideaal wees om deur die winter te kom.” Hy het gesê dat dit te lank was en toe ek vra hoeveel tyd hy vir my wou gee, het hy geantwoord, “Drie maande.” Ek het besef dat ek, in vergelyking met wat ander boere gegee is, inderdaad geseënd was en ek het dit aanvaar. Binne ‘n kwessie van ure is die onderhandelinge afgehandel en ek het my plaas, my lieflike huis en tuiste verloor, en geen heenkome gehad nie!

## Voorbereiding van my hart

Maar die Here het my vir hierdie dag voorberei. Gedurende die afgelope twee jaar het die Here dikwels met my gepraat oor my eie hartsgesindheid en daar het baie reiniging plaasgevind. Die laaste drie maande veral het Hy die gedagte in my hart geplaas dat ek my plaas sou verloor. Ek het dus geweet dat daar ‘n beproewing in my lewe op pad was en dat Hy van my, sy kind, verwag het om op sy manier op te tree. Toe daardie karre Dinsdag ingejaag kom, het ek onmiddellik geweet dat die tyd aangebreek het.

Jy weet, niks gebeur met ons wat ons Hemelse Vader onkant vang nie. As ons sy kinders is, hou Hy ons lewens veilig in sy hande. As ons na sy stem luister en doen wat Hy vir ons sê, is daar geen rede om die toekoms, of wat enige mens aan ons kan doen, te vrees nie.

**Seën jou vyande**

En wat sê Hy moet ons doen wanneer hierdie tipe dinge met ons gebeur? Is ons gewillig om sy woorde in ons lewens toe te pas?

> *Matthéüs 5:44 "Maar Ek sê vir julle: Julle moet jul vyande liefhê; seën die wat vir julle vervloek, doen goed aan die wat vir julle haat, en bid vir die wat julle beledig en julle vervolg."*

Is hierdie Jesus se opdrag aan ons, of is dit nie? Waarom sien ek soveel Christene met soveel diep rassehaat en bitterheid binne hulle? Is ons nie veronderstel om seuns en dogters van ons Hemelse Vader te wees, met sy goddelike karakter wat uit ons uitvloei nie? Watter getuienis weerspieël ons wanneer ons van woede oorloop? In watter sin is ons dan beter as die wêreld?

Toe ek die volgende dag vir Philemon ontmoet, was hy nog net so senuweeagtig soos die vorige dag – hy het op die punt van sy stoel gesit. Ek het vir hom gesê, "Philemon, soveel soos wat ek geen heenkome het nie, en jy my lewenslange droom binne een dag van my af weggeneem het, gaan ek nie kwaad of bitter teenoor jou wees nie. Ek wil jou seën wanneer jy op hierdie plaas aankom. Ek wil jou bystaan waar ek kan. Ek wil hê dat jy die plaas moet geniet soos wat ek dit geniet het." Hy het positief daarop reageer en het vir my nog meer wonderlike toegewings gemaak. "Jy mag enige iets van die plaas saam met jou neem, en as jy gewillig is om iets agter te laat, sal ek jou daarvoor betaal," het hy gesê. Ons het hande geskud en as vriende uitmekaar gegaan.

Die Skrif sê,

*Jak 1:20 "Want die toorn van 'n man bewerk nie die geregtigheid voor God nie."*

**Vader sal voorsien**

Ons moet die groter prentjie sien en nie so styf aan ons paar aardse besittings vasklou nie. Ons Hemelse Vader is heeltemal in staat om in ons behoeftes te voorsien, en as ons ons aardse besittings met 'n oop hand vashou, kan Hy neem en gee soos Hy wil. Nie eers 'n mossie val sonder dat Hy daarvan weet nie. Kan Hy dan nie in my behoefte vir 'n huis en 'n plek om die koeie te melk, voorsien nie? Natuurlik kan Hy! Waarom moet ek dan my hart toelaat om vol haat te raak vir 'n man vir wie Jesus gesterf het?

Ek sal eerder wil sien dat hierdie man en sy geweldadige vriende in die koninkryk gebring word. Mens sal nooit die rassehaat stryd met haat oorwin nie. Dit kan slegs met liefde en vergifnis oorwin word. Die kragtigste mag in die wêreld is liefde met nederigheid. Het Hy nie die volgende in die Psalms gesê nie:

*Psa 37:11 "Die ootmoediges sal die aarde besit en hulle verlustig in groot vrede."*

**Die krag van nedrigheid en vertroue**

Moenie die enorme krag van eenvoudige nederigheid onderskat nie – wanneer ons sê, *"Nie my wil nie, maar u wil geskied."*

Natuurlik is dit wat hulle gedoen het, onwettig. Ek sou die saak in die hof kon wen as die hof nie self korrup was nie. Maar teen watter prys? Met meer haat, meer

intimidasie en geweld teen my arbeiders en vrees aan my liewe vrou! Nee, ‘n plaas is dit nie werd nie. Ek sal nie ‘n stuk grond najaag en daardeur my kosbare vrou in gevaar stel en vrees besorg nie. Sy is baie meer werd as ‘n plaas.

Op hierdie oomblik het ek nie ‘n heenkome nie. Jesus se dissipels het vir Hom gevra waar Hy bly, en Hy het geantwoord,

> *Matt 8:20“Die jakkalse het gate en die voëls van die hemel neste, maar die Seun van die mens het geen plek waar Hy sy hoof kan neerlê nie.”*

Ek is dus in goeie geselskap! Ek het ‘n bonatuurlike vrede en sekerheid dat my Hemelse Vader iets baie beter vir my het as wat ek gehad het. Hy sluit een deur net om ‘n ander deur wat veel groter is, oop te maak.

Daarom vra ek elkeen van julle wat gehoor het dat ons ons plaas verloor het, moenie namens my die vlamme van rassehaat en bitterheid aanvuur nie. Vertrou eerder jou lewe geheel en al aan ons Hemelse Vader toe en kyk met verwagting uit hoe wonderlik Hy hierdie situasie tot sy eer gaan omkeer!!

Met baie liefde aan julle almal,

*Henry Jackson*